

15 Julie 2013

E-pos: simon.clark@aurecongroup.com

Geagte Heer/ Dame

**BEOOGDE HIDROKRAGSENTRALE EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR BY BOEGOEBERGDAM OP DIE
ORANJERIVIER, NABY GROBLERSHOOP, NOORD-KAAP:
BESKIKBAARHEID VAN DIE KONSEP OMVANGBEPALINGSVERSLAG
DOS Verwysingsnr 14/12/16/3/3/2/568; NEAS Verwysingsnr: DEA/EIA/TBA**

Bogenoemde projek het betrekking. Die doel van hierdie brief is om Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) van die voorgestelde projek in kennis te stel en B&GPe die geleentheid te bied om op die Konsep Omvangbepalingsverslag kommentaar te lewer.

1) Inleiding

Boegoeberg Hydro Electric (Edms) Bpk (Boegoeberg Hydro) is van voorneme om 'n hidrokragsentrale en verwante infrastruktuur wat ongeveer 10.05 Megawatt (MW) kan opwek by Boegoebergdam op die Oranjerivier te bou, en wel op die plaas Zeekoebaart (Restant van Plaas nr. 306 en Gedeelte 1 van Plaas nr. 306), ongeveer 26km suid-oos van die dorp Groblershoop.

Die beoogde projek sal die bestaande Boegoebergdam benut om water via 'n inlaatstruktuur na die hidro-elektrisiteitsaanleg te neem. Die voorstel is om nie meer as 120m³ van die totale vloei in die rivier uit te keer nie. Die uitgekeerde vloei sal deur die hidrokragsentrale beweeg en ongeveer 400m stroomaf van die inlaatstruktuur na die rivier teruggeneem word. Die dam sal altyd aan die volle besproeiingsbehoefte van die landboukanaal voldoen. Verder sal 'n sekere ooreengekomde hoeveelheid water, of die Omgewingsvloei-reserwe (EFR)¹, altyd oor die damwal vloei. Slegs 'n gedeelte van die water wat oorbly nadat daar voldoen is aan die behoeftes van die besproeiingskanaal en die EFR, sal na die inlaatstruktuur uitgekeer word. Die inlaatstruktuur reguleer die hoeveelheid water wat na die watervoer-infrastruktuur (i.e. kanaal/tonnel na die kragentrale) oorgedra sal word. Die water sal by wyse van 'n kanaal en/of tonnel na die kragentrale geneem word en gebruik word om die turbines te laat draai en elektrisiteit op te wek. Die water sal daarna by wyse van 'n tonnel, wat die onderloop genoem word, vanaf die kragentrale na die Oranjerivier teruggeneem word. Die opgewekte elektrisiteit sal via 'n oorhoofse transmissielyn van 132kV of minder na die Vesel-substasie geneem word, en vandaar na die nasionale netwerk.

2) Regulatoriese Proses

Die beoogde projek het 'n aantal gelyste aktiwiteite in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Nr. 107 van 1998) (NEMA) tot gevolg, en is dus onderworpe aan 'n Omvangbepaling-/ Omgewingsinvloed-bepalingsproses kragtens die 2010 Regulasies vir 'n Omgewingsinvloedbepaling (OIB). Boegoeberg Hydro het Aurecon South Africa (Edms) Bpk aangestel om die Omvangbepaling-/ OIB-proses uit te voer. 'n Aansoek vir die Omvangbepaling/OIB is by die bevoegde owerheid, naamlik die Nasionale Departement van Omgewingsake (DOS), ingedien.

3) Openbare Deelname

U is as 'n moontlike B&GP vir hierdie projek geïdentifiseer, hetsy omdat u 'n geaffekteerde organisasie verteenwoordig, of naby die projek geleë/ woonagtig is. Openbare deelname is 'n integrale deel van die omgewingsproses, en meer inligting oor die omgewingsproses is in die Uitvoerende Opsomming beskikbaar. Dit sluit in die versoek aan moontlike B&GPe om ander moontlike B&GPe te identifiseer vir insluiting op die

¹ Vloei wat nodig is om die akwatiese ekologie in die rivier te behou.
Aurecon South Africa (Pty) Ltd Reg No 1977/003711/07 ISO 9001 Certified
Board of Directors (01/2013)
BMH Tsita (Chairperson), PC Biersch, MG Dliiza, Member of CESA and ASAQs
ZB Ebrahim, AB Geldenhuys, NN Gwagwa, SA le Roux, Silver Founding Member of the
PC Lombard, AW Möhr, GT Rohde Green Building Council of
South Africa

databasis (kettingverwysingsproses).

Beskikbaarheid van die KOBV

Die KOBV is voltooi en is beskikbaar by die Groblershoop Openbare Biblioteek, die Kheis Munisipaliteit te Groblershoop en op Aurecon se webblad (www.aurecongroup.com), verander "Current Location" na "South Africa" en klik dan op '**Public participation**'. Die Uitvoerende Opsomming, waarin die vernaamste bevindinge van die KOBV vervat is, is ook ingesluit.

B&GPe het tot **26 Augustus 2013** kans om kommentaar op die Konsep OBV te lewer.

4) Volgende Stappe


Indien u enige kommentaar of bedenkinge oor die beoogde projekte het, word u versoek om u skriftelike kommentaar op of voor **26 Augustus 2013** per e-pos, faks of pos aan Aurecon te stuur. Alle kommentaar wat ontvang is, sal in 'n Kommentaar- en Antwoordverslag (K&AV) vervat word, wat as 'n Bylae tot die Finale Omvangbepalingsverslag ingebind sal word. Elkeen wat kommentaar gelewer het sal 'n afskrif van die K&AV ontvang, en in kennis gestel word sodra die Finale Omvangbepalingsverslag vir kommentaar beskikbaar is.

Indien u enige vrae of kommentaar het, of meer klaarheid oor die brief verlang, word u versoek om met **Simon Clark** of **Diane Erasmus** van Aurecon in verbinding te tree.

Die uwe
AURECON



SIMON CLARK
Praktisyn: Omgewings- en Adviesdienste



DIANE ERASMUS (Sert. OBP)
Assosiaat: Omgewings- en Adviesdienste